



# Ons tienjaar-avontuur

foto's CARINA STANDER & GERRIT VAN NIEKERK

**M**et 2002 se sonsverduistering was ek en Gerrit in die Krugerwildtuin. Een middagete dra ek 'n waatlemoen op my kop toe 'n wildvreemde paartjie my voorkeer en vra of ek op safari wil gaan – vir 'n volle maand, gratis. In ruil moes ek vir tien oorsese toeriste kosmaak.

Die eerste keer in drie jaar sou ek en Gerrit mekaar nie kon kontak nie. My hoop was dat dié safari deur Zimbabwe, Botswana en Namibië my helderheid sou gee. Want sien, Gerrit was rustig oor ons pad saam vorentoe, maar ek was bitterbang dat 'n huwelik my vryheid sou steel.

In Botswana het die toeriste met *mekôrô* (kano) vertrek en ek moes drie nagte lank sielalleen op 'n eiland agterbly – net ek en 'n seekoeibul wat saans soos 'n werfhond al om my tent snuif.

Met 'n sarong om my lyf en 'n kop vol vlegsels het ek deur die opgerolde tentflap na die maan gekyk. Ek het onthou hoe vry Gerrit is, hoeveel eenheid daar in ons gedeelde vryheid lê. Toe het

ek my koplug aangeskakel en geskryf: *Nou weet ek, oor grense heen, jy is vlees van my vlees en been van my been.*

Kort daarna is ons getroud. En stiptelik tien jaar later keer ons sáám terug na die plek waar ek geweet het dat ons sáám deur die lewe gaan reis.

## Paradys toe

Dis die eerste keer in meer as vyf jaar dat ek en Gerrit sonder ons twee seunskinders weggaan. Ons is knop-in-die-keel, maar getroos deur die wete dat hulle in die liefdevolle hande van ouma Frieda en oupa Gerrit is.

Ons is net vyf passasiers op 'n vlug vir vyftig. 'n Fotograaf wat gereeld dié roete tussen Johannesburg en Kasane vlieg, grap dat hy soms krieket speel op die vliegtuig, dan is die lugwaardinne die veldwerkers!

Ek slaap op my arms op Gerrit se skoot; hy slaap op my rug soos toe ons veertien jaar gelede die heel eerste keer saam landuit gevlieg het. Toe ons wakker word, is Botswana onder ons 'n groen landskap

'n Luukse bootsafari op die Choberivier in Namibië en 'n kuier by 'n ouwêreldse lodge in Zimbabwe... Wat meer kan 'n vrou vra om 'n dekade van getroudwees te vier! Carina Stander vertel.

met rollende gryswit wolke en kronkelende riviere.

By Kasane-lughawe kom laai die gawe Tifu ons op. Hy neem ons na 'n motorboot en ons vat die waterpad na die Namibiese kant van die Choberivier, waar die Zambezi Queen hou. Dié boot en rivier-safari is kaalvoet-luukseheid op sy beste.

Ek en Gerrit sak in ons koningsgrootte bed weg en luister na die moddergesnuif van seekoeie. Van ons eie klein balkon afsien ons 'n trop skugter letswe-bokke en buffels op die vloedvlakte.

Die boot het plek vir 28 passasiers, maar dié keer is ons net ses aan boord: 'n dolverliefde bejaarde Franse egpaar wat op 'n eksotiese wêreldreis is sedert die vrou met kanker gediagnoseer is, 'n Amerikaanse filmmaker en sy saggeaarde vrou, en ek en Gerrit.

Die middag vertrek ons op safari, almal bo-op die dak van die motorboot. Ons sien vele van die 400 voëlspeesies in die park: kiewiete, lepelaars, slanghalse, nonnetjieseende, 'n maraboe-ooievaar. Die reier strek haar elegante nek. Die jakana-grootlangtoon word ook die Jesusvoël genoem, omdat dit lyk asof hy op water loop. Wit bosluisvoëls rus op die modderbruin lywe van seekoeie.

Ons kyk hoe 'n olifantgesin, deel van die sowat 120 000 olifante in die park, bad. Eers verskyn die krokodil se knopogies langs die boot, toe sy grynsag. Nog 'n riffelrugkrokodil glip in die water – grafstil. Skaars twee meter van ons af sit 'n visarend op 'n stomp.

Die skemerwind is koel ná die warm dag. Cumuluswolke pak al digter saam. Gerrit hou my stywer vas.

Die aand slaap ons soos klippe en teen sesuur die oggend is ons uitgerus en reg vir cappuccino!

Ná ontbyt vertrek ons weer met die motorboot op 'n drie uur lange safari. Dis bewolk en glad nie die taaiwarm, tropiese hitte wat 'n mens in die middel van die somer verwag nie.

Ons vaar op 'n veilige afstand verby 'n familie slapende seekoeie. Hulle dut in die vlakwater met koppe op mekaar se nekke – luilekker en liefallig, dié bielie van 'n bul met sy harem vroue en kroos. In die middel van die trop is die rivierperdbaba versteek, net sy piepklein oortjies is sigbaar. 'n Mens kan skaars glo dat seekoeie die gevaarlikste landdiere in Afrika is... Maar dan gluur die pa ons aan en die ma wys tande – moenie met Mamma mors nie! ▶



Die Zambezi Queen op die Choberivier



◀ Ons tel vyf soorte visvangers. Die pragtige kuifkopvisvanger is net 13 cm groot. Sy spikkelkoppie is skeef gedraai terwyl hy stip na sy tuin van pers, wit en geel waterlelies staar. Ploemps! vang hy 'n vissie. Ek skryf in my notaboek: *Die visvanger se rug is hemelsblou soos my pa se oë en sy borsvere is bruin soos die oë van my ma.*

Terug op die boot kuier ek en Gerrit ure lank alleen in die 45 m lange sitkamer. Hand om die lyf sit ons twee wat so gewoon geraak het om altoos 'n kind in die arms te hou.

Aan tafel kuier ons dik stukke saam met die ander gaste en kyk na foto's van mekaar se katte en kinders. Die filmman speel bekfluitjie en die bootpersoneel sing Namibiese volksliedjies. Ons vriendelike bootkaptein, Wayne, sing uit volle bors. Hier is elke gas 'n eregas, sê hy. Dis maklik om hom te glo.

Terug in die kamer bid ek en Gerrit 'n seën vir die nag oor ons seuns. Sag skommelwieg die boot ons aan die slaap.

## In die skoot van ouwêreldse sjarme

Ná twee aande van bootsafari vertrek ons na die Stanley & Livingstone – 'n sjarmante lodge in Zimbabwe, wat deur 'n wildreservaat van 6 000 akker omring is. Die kristalkandelare, muurpapier, geraamde botaniese sketse uit agttientoet, marmerkaggel, koperkrane en ou klaviere – als herinner aan die ouwêreldse glans van kolonialisme.

Terwyl ons aan 'n ontbyt van sjokolade-croissants en filterkoffie, vrugteslaai en jogurt smul, dink ons terug aan ons eerste reise saam, amper veertien jaar gelede. Destyds het ons die jeugherberge se oorskietbroodrolletjies in ons truie weggedra! Ons was nie gelukkiger of ongelukkiger as nou nie. Geluk is nie geld of goeters nie. Geluk is in die saamwees.

Ons Skype die seuns en hulle klink dolgelukkig daar by Oupa en Ouma. Ons neem spesiaal vir hulle 'n video op van brulpaddas. Die

vroegdagmistigheid skuif oor 'n veld met rooi vlamlelies. Voor die wildritvoertuig vlieg 'n trou pant – lila en helderblou in 'n pronkvlug. 'n Week oue impala trippel verby. Sebras wei tussen die geel blomme van duweweltjies. Soos 'n roesbruin rots staan 'n renoster by haar kalfie – rotsvas. Asof sy weet dat sy 'n bedreigde spesie is.

Die bos is deurweek van reën. Die geur van vars grond, bossies en veldblomme herinner my aan my grootwordjare in die Bosveld. Die mopanie se blare lyk soos oopvlerkvlinders. Ek vra die gids uit oor die groot sterwit blomme wat so lekker ruik aan die bome. Bauhinia is die naam, sê hy.

“Al ons gekuier met mekaar die laaste dae is soos 'n reënbui in Afrika,” sê Gerrit. “In die weke wat kom, gaan ons die nuwe gras sien opkom.”

## Valle toe!

Die Victoria-waterval is net tien minute se ry van die lodge af. Daar gekom, verkyk ons ons aan 'n bobbejaangesin. Pa deursoek Ma vir vlooië, die kleintjies klouter oor mekaar. 'n Blouapie krul sy stert om sy ma se bobeen terwyl hy aan haar drink. Nou verlang ek darem erg na my eie soogdiertjies!

Maar hoe goed om vir 'n verandering foto's van mekaar te neem, nie net van die kinders nie. Ons stap deur die reënwoud. Bamboes, palms, rankers. Oranjerooi trosse bosvye. 'n Plaat wilde pienk lelieagtige veldblomme – soos 'n droom. Gerrit soen my onverwags. “Ek het vir jou 'n verrassing. Jy sal vanaand sien,” vonkel hy.

Die Victoria-waterval is een van die sewe natuurwonders van die wêreld. Voor ons val en val die water in tuimelende wit vlamme. Dit stoom waar die water die rotse 108 meter verder in die afgrond tref. In my notaboekie herhaal ek die slotreëls van my gedig “vloed” uit my bundel *Woud van nege en negentig vlerke: in die sproeiëreën van Sy glimlag / wou ek 'n blou vraag waag: / het Jy lief? / het 'n wolk*

*water? / 'n vlinder met verweerde vlerk / het op my ringvinger gerus / toe die ganse afgrond galm: Ek is die groot Ek Is*

## 'n (Amperse) verrassing...

Terug by die Stanley & Livingstone sit ons op die stoep van ons fraai huisie, drink Zimbabwiese tee en eet koekies. Dit reën, die paddas sing met trillende kele. Die tuin is lieflik: waterleliedamme tussen hoë koorsbome, rankers met rooi kelkblomme, blommende kiasat, bruggies en paaie wat afkronkel na 'n drinkgat met elande en waterbokke, vlakvarke met vlaggiesterte en 'n koedoe met spiraalhorings.

Nadat ons al die jare in huurhuise gewoon het, het ons onlangs ons eerste eie plek gekoop – hoe heerlik om dit saam mooi te maak! Gerrit sê net soos ons ons tuin en huis inrig om romantics, speels en prakties te wees, moet ons ook ons huwelik inrig: 'n geestelike habitat waar ons as ouers, geliefdes en aanbidders kan speel.

Met aandete wag daar 'n verrassing: In die wynkelder is 'n gedekte tafel met roosblare in 'n hartjie gepak. Buite sing Tsongamusikante by die klank van duimklavier, kalbas en trom; binne smul ons aan cordon bleu. Gerrit bestel krokodilvingers!

Hand om die lyf stap ons terug na ons huisie. Met die intrapslag val sy gesig. Want sien, terwyl ek voor ete foto's van vinke geneem het, het my avontuurlustige man soos 'n weerligstraal deur die veld getrek, leeus en renosters en die duisternis getrotseer om 'n

swartsak vol bauhinia-bloemte pluk wat hy stilletjies op ons bed gestrooi het in die vorm van 'n reuse-wit hart.

Hy het gedagdream dat ons in die blomme gaan baljaar en dit ná die tyd in die bad gaan strooi. Maar nou is dit als – die droom en blomme – beëindig deur 'n dierbare, deeglike skoonmaker. In die plek daarvan is 'n mooi formele ruiker van die lodge af.

Toe hy met hangskouers voor my staan en mompel: “Ek gaan deur die fases van rou. Ek's nou by bitterheid,” kan ek nie help om uit te bars van die lag nie.

Vir troos klim ons met 'n glas vonkelwyn in die Victoriaanse pootjiesbad. So ja. Teen die tyd dat hy die aanvaardingfase van rou bereik het, raak die man filosofies: “Of ons nou armoede of rykdom moet oorkom, ons gaan oukei wees. Ons gaan meer as oukei wees, solank ons mekaar het.”

Jip, ek was bang om te trou. Maar nou is ons ook al tien jaar skouer aan skouer en steeds verstom deur die stamina van liefhê.

In *Die Klein Prinsie* van Antoine de Saint-Exupéry lees ek: “En die vos sê vir die Klein Prinsie: ‘Mense het hierdie waarheid vergeet, maar jy moet dit nooit vergeet nie. Jy is verantwoordelik, vir ewig, vir dit wat jy makmaak.’”

My wyse man met die silwergrys baard glimlag en sê: “As 'n man die dag vrou vang, as sy eers haar hart vir hom gee, het hy iets van haar vryheid in sy hande. Dit is sy verantwoordelikheid, lewenslank, om haar vryheid te bewaar.”

**Reis slim!** ♦ Tref voorsorg teen malaria. ♦ Suid-Afrikaners hoef nie visums vir Botswana, Zimbabwe of Namibië te hê nie.

♦ Bespreek die luukse Zambezi Queen vir 'n bootsafari op die Choberivier in Namibië, by [www.zambeziqueen.com](http://www.zambeziqueen.com) ♦ Stanley & Livingstone is 'n lieflike ouwêreldse lodge in Zimbabwe, in 'n wildreservaat digby die Victoria-waterval. [www.stanleyandlivingstone.com](http://www.stanleyandlivingstone.com) ♦ Airlink bied gereelde, gerieflike vlugte tussen Johannesburg en Kasane. [www.flyairlink.com](http://www.flyairlink.com) ♦ Flame of Africa is 'n uitstekende keuse vir vervoer tussen die lughawe en verblyfplekke. [www.flameofafrica.com](http://www.flameofafrica.com) ■